

A. AARDBEWINGS:

'n Aardbewing is 'n skudding van die grond agv van beweging onder die aarde se oppervlak

Die aarde bestaan uit verskillende lae:

- **Die aardkors:** dit is die buitenste laag van die aarde, die grond en rotse, waarop ons leef.. Die aardekors het verskillende diktes. Onder die see kan dit honderde km dik wees en op ander plekke slegs meters.
- **Mantel:** die mantel is die volgende laag. Dit is deels gesmelte gesteentes en die deel van die aarde word heelwat warmer hoe dieper jy afbeweeg.
- **Die kern:** Die binneste gedeelte van die aarde en bestaan uit gesmelte gesteentes soos yster, nikkel en ook swael.

Die aardkors is nie oral ewe diep nie en ook nie aaneenlopend nie. Die kors bestaan uit verskillende plate of kontinente (soos Afrika, Amerika ens). Hierdie plate is gekraak en beweeg rond agv die warmer gesteentes in die mantel. Somtyds skuur hierdie plate teen mekaar of hak hulle vas. Die gedurige wrywing tussen die plate bou energie op en sou twee plate losruk van mekaar sou hierdie energie losgelaat word en veroorsaak dit 'n aardbewing. In kort: 'n aardbewing is die gevolg van die beweging en wrywing van die aardkorsplate. Dit word **tektoniese aardbewings** genoem.

Diep onder die aarde vind hierdie energievystelling plaas. Hoe kom dit tot uiting op die aardkors. ? Wel, die aardbewing versprei dmv golwe. Die 1969 aardbewing is dmv S-Golwe versprei. Dit is golwe wat die aarde heen en weer laat beweeg. Dit sou voel asof jy op see dryf. Die mense wat die aardbewing beleef het vertel dat die grond soos golwe heen en weer beweeg het. Die punt van die oppervlak bokant die oorsprong (fokus) van die aardbewing word die episentrum genoem.

C. KOMPETISIE

Vrae

1. Uit hoeveel lae bestaan die aarde en noem een laag ?
2. Noem die ander twee lae
3. Die aardkors bestaan uit drywende.....wat ook kontinente genoem word (plate)

4. As die plate teenmekaar skuur word.....vrygestel ?
(energie)
5. Waaruit bestaan die kern van die aarde ?
(gesmelte gesteentes)
6. Wat word die geweldige skudding van grond genoem ?
(Aardbewing)
7. Wat word die fokuspunt van 'n aardbewing bo die aardkors genoem ?
Episentrum
8. Hoe versprei 'n aardbewing op die oppervlak?
(deur golwe)
9. Wat is die daardie golwe genoem en hoe sou dit voel as jy op die aarde staan ?
(S- Golwe, asof jy op die see staan)
10. Wanneer het die aardbewing ons dorp getref ?
(29 September 1969)
11. Noem nog een ander dorp, naas Ceres, wat ook erg deur die aardbewing beskadig is.
(Tulbagh)
12. Hoeveel het die aardbewing geregistreer op die Richterskaal ?
(6.3)
13. Wat is alles beskadig tydens die aardbewing ?
(huise, paaie, natuur)
14. Wat het die mense gedink wat het gebeur toe hulle sien hoe die berge brand ?
(die einde van die aarde het aangebreek/ oordeelsdag)